

The background of the image is a dramatic landscape. In the foreground, a group of people, seen from behind, are walking along a dirt path that leads into the distance. They are wearing long, simple robes. The path is flanked by dry, rocky terrain with some sparse vegetation. In the background, a small town or village is visible on a hillside, and the sun is setting or rising, creating a warm, golden glow across the sky. A large, white dove is flying in the upper right corner, its wings spread wide. Above the dove, there are large, flowing, ethereal shapes in shades of orange and red, resembling flames or the Holy Spirit. The overall mood is one of hope, journey, and spiritual ascent.

Pinkster; *Op Reis met die Gees*

Prof Chris de Wet

Profetiese Vensters op die Werk van die Heilige Gees



Meer as Troos, Vrede, en Hoendervleis...

Wanneer gelowiges oor die Heilige Gees praat, dink hulle dikwels eerste aan troos, innerlike vrede en gawes. Daardie "hoendervleis-belewenisse". Maar in die profete is die Gees ook die krag waardeur God mense bekwaam om onreg te ontbloot, teen magismisbruik te praat, en goeie nuus te bring aan dié wat vermorsel is.

Pinkster beteken nie net vuur op die hoof en warmte in die hart nie — dit beteken dat dieselfde Gees wat op die profete gekom het, nou op die kerk uitgestort is, sodat die kerk 'n profetiese volk van **waarheid, barmhartigheid en geregtigheid** kan wees.

Miga

Moed om die waarheid te praat teen ongeregtigheid

Jesaja

Salwing om gebrokenes op te rig

Esegiël

Oë om afgode raak te sien

Miga: Die Boereseuntjie wat teen die Paleis Praat

Miga het in die **agtste eeu v.C.** in Juda opgetree tydens die regerings van Jotam, Agas en Hiskia. Hy kom uit Moreshet in die Sjefela — 'n landelike gebied suidwes van Jerusalem. Sy perspektief is nie dié van die paleis of tempel-elite nie, maar van iemand wat magsmisbruik en ekonomiese uitbuiting op gewone mense van naby geken het.

Hy profeteer in 'n tyd van Assiriese bedreiging, politieke onsekerheid en sosiale onreg. Sy profesie is skerp teen leiers, regters, priesters en profete wat die volk uitbuit maar hulself met godsdienstige taal regverdig. Hierdie man van die laaglande het nie 'n kantoor in die paleis nie — maar hy is **vol van die Gees van die Here en vol van reg en sterkte.**

Miga 3:8-12 — Afr 2020

8 Maar ek, ek is gevul met krag, met die Gees van die Here, met 'n sin vir geregtigheid en die moed, om aan Jakob sy opstand en aan Israel sy sonde bekend te maak: **9** "Luister tog hierna, hoofde van die huis van Jakob en gesagvoerders van die huis van Israel, julle wat regte minag en alles wat reg is, verdraai; **10** julle wat Sion met bloed gebou het en Jerusalem met onreg! **11** Haar leiers spreek 'n oordeel uit vir omkoopgeskenke! Haar priesters gee onderrig teen betaling! Haar profete maak voorspellings vir geld! Hulle steun nogal op die Here en sê, 'Is die Here nie in ons midde nie? Geen onheil sal ons tref nie!' **12** Daarom, deur julle toedoen sal Sion 'n omgeploegde veld word; Jerusalem sal puin hope word en die tempelberg oorgroeide heuwels."

Die Gees Gee 'n Ruggraat van Waarheid

Strukture van Sonde

Miga kyk na **strukture van ongeregtigheid**: regters vat omkoopgeld, priesters onderrig vir betaling, profete profeteer vir geld — tog sê dieselfde mense vroom: "Is die Here nie in ons midde nie?" Godsdiens word gebruik om onreg te masker.

Die Bron van Miga se Krag

Miga sê nie sy krag kom van sterk persoonlikheid of natuurlike rebellie nie. Hy sê sy krag kom van **die Gees van die Here**. Die Gees maak hom nie vaag of misties nie — die Gees maak hom helder, dapper en standvastig in die aangesig van magsmisbruik.

- ✓ Waar die Gees werklik werk, word die kerk nie net sentimenteel nie, maar **waarheidsgetrou**. Die Gees wek mense wat kan sê: hierdie praktyk is onregverdig.



PROFEET 2

Jesaja 61: Goeie Nuus vir 'n Verarmde en Vernederde Volk

Die Gees van my Heer, die Here is op my, omdat die Here my gesalf het. Hy het my gestuur om 'n goeie boodskap te bring aan magteloses, om dié met gebroke harte se wonde te verbind, om dié wat weggevoer is se vrylating aan te kondig en bevryding vir dié wat geboei is, om die genadejaar van die Here aan te kondig... om vir hulle tulbande te gee in plaas van stof, vreugde-olie in plaas van rou, klere vir lofprysing in plaas van 'n verslae gees. Hulle sal genoem word: terebinte van geregtigheid, geplant deur die Here om Hom te verheerlik.

— Jesaja 61:1-3



Agtergrond: Puinhope en Teleurstelling

Die Historiese Konteks

Jesaja 61 kom waarskynlik uit die **ná-ballingskapyd**, verbind met die sogenaamde Derde Jesaja. Die volk is terug uit ballingskap, maar hulle leef steeds tussen puinhope, ekonomiese broosheid, teleurstelling en 'n diep gevoel dat herstel nog nie volledig gekom het nie.

Die ballingskap is amptelik verby, maar die wonde leef voort. Die mense is terug in die land, maar steeds **gebroke van hart, arm, kwesbaar en onseker.**



Die Gees is vir Herstel

As Miga wys dat die Gees die waarheid teen onreg laat praat, wys Jesaja 61 dat die Gees mense salf om **herstel aan te kondig en te beliggaam**. Die Gees rus nie op die profetiese figuur sodat hy homself kan verhef nie, maar sodat hy goeie nuus kan bring aan die wat swaarkry.



Verbind

Gebrokenes van hart moet verbind word



Bevry

Die wat gebonde is moet vryheid hoor



Vertroos

Treurendes moet vertroos word



Herbou

Verwoeste plekke moet herbou word

❶ Die profetiese bediening is nie bloot afbrekend nie — dit is ook **genesend, herbouend en hoopvol**. Waar die Gees werk, word mense nie net ontmasker nie; hulle word ook opgerig.



📖 PROFEET 3

Esegiël: Die Gees wat Afgodery Ontbloot

Esegiël was 'n **priester-profeet van die sesde eeu v.C.** Hy is saam met die eerste groep Judese ballinge in **597 v.C.** na Babilon weggevoer en het onder die ballinge by die Kebarrivier gewoon. Sy bediening begin in ballingskap, in die skadu van Jerusalem se val en die trauma van 'n volk wat hul land, koning en tempel verloor het.

As priester sou Esegiël se lewe rondom die tempel gesentreer gewees het. Juis daarom is sy visioene oor die tempel, die afgodery daarin, en die **vertrek van die heerlijkheid van die Here** so aangrypend. Die krisis is nie net polities nie — dit is teologies en moreel.



Esegiël 8:1-3 — Afr 2020

1 In die sesde jaar, op die vyfde dag van die sesde maand, het ek in my huis gesit, met die oudstes van Juda wat voor my sit. Toe het die hand van my Heer, die Here, daar oor my gekom. **2** Toe ek kyk, is daar 'n gestalte wat lyk of dit van vuur is! Vanaf wat na sy heupe gelyk het ondertoe was daar vuur, en vanaf sy heupe boontoe het dit gelyk soos 'n glans, soos die skittering van witgoud.

3 Hy steek toe iets met die vorm van 'n hand uit, en neem my aan die hare van my kop. 'n Gees het my opgelig tussen aarde en hemel, en my na Jerusalem geneem in visioene van God, na die ingang van die binneste poort wat noord kyk, daar waar die afgodsbeeld staan wat heilige verontwaardiging wek.

4 En kyk, daar was die heerlikheid van die God van Israel!

Esegiël 8:3-13 (vervolg)

5 Hy sê toe vir my: "Mensekind, kyk na die noorde toe." Ek het na die noorde gekyk, en daar is hierdie beeld wat verontwaardiging wek! **6** Hy sê toe vir my: "Mensekind, sien jy wat doen hulle — die ontsettend afstootlike dinge wat die huis van Israel hier doen, sodat Ek op 'n afstand bly van my heiligdom af? Maar jy sal nog erger afstootlike dade sien."

7-10 Hy neem my na die voorhof — daar is 'n gat in die muur. "Breek deur die muur!" Ek het ingegaan, en toe ek kyk, is daar allerlei weersinwekkende afbeeldings van kruipende en ander diere, ook al die afgodsbeelde van die huis van Israel, uitgekerf op die muur reg rondom! **11** Sewentig manne van die oudstes van die huis van Israel het voor die afbeeldings gestaan, elkeen met sy pan met reukwerk in sy hand.

12 "Het jy gesien, mensekind, wat die oudstes doen in die donker? Want hulle sê, 'Die Here sien ons nie; die Here het die land verlaat.'" **13** Hy sê toe vir my: "Jy sal nog erger afstootlike dade sien wat hulle doen."

Wat is 'n Afgod Vandag?

Ons aanbid nie afgodsbeelde vandag nie. Maar wat is 'n afgod werklik? Dit is iets wat **die plek van God in jou lewe inneem**.

In sielkunde praat hulle van jou **integrasiiepunt** — daardie een aspek waarrondom alles in jou lewe draai. Dit moet eintlik God wees, maar ons plaas dikwels ander dinge daar. En wanneer iets anders — ons werk, geld, begeertes, selfs ons familie en kinders — daardie integrasiiepunt word, spiraal ons lewens uitmekaar.

⚠ Dit is dan wanneer die Gees ons aanspreek in ons harte — die profetiese Gees van Pinkster.



JOU INTEGRASIEPUNT

waarom alles draai



WANNEER GOD DIE INTEGRASIEPUNT IS




Rigting en doel
is duidelik



Alles werk
saam



Vrede en
binne-eenheid



Lewensvrug
en betekenis

WANNEER **IETS ANDERS**

DIE INTEGRASIEPUNT IS

uiteen



Drie Profetiese Vensters — Drie Oproepe



Bid vir Miga se Moed

Elke gemeente het die roeping om nie te swyg waar leuens en onreg mense vernietig nie. Die Gees gee nie 'n rugstring van kompromie nie, maar 'n **ruggraat van waarheid**.



Bid vir Jesaja se Salwing

Vra nie net dat God ons van onself sal red nie, maar dat Hy ons sal stuur na dié wat gebroke, arm, moeg en vergeet is. Waar die Gees werk, word die gemeente 'n plek van **genesing, troos en herstel**.



Bid vir Esegiël se Oë

Ons het die Gees nodig om ons geheime afgode te wys, die kompromieë wat ons verskoon, en die maniere waarop ons godsdienstig ordentlik kan lyk terwyl ons harte hard geword het.